Kraggakamma Huisgeloof
vir kleingroepe, families en stiltetyd
(2 – 6 September2024)

ONS ONTMOET MEKAAR
Volgens die datum is ons nou in lente. Gee vir mekaar "blomme." Deel wat julle in mekaar waardeer. Gee komplimente.

ONS ONTMOET VIR GOD: GEBED, LOF EN AANBIDDING
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

GOD ONTMOET ONS
Skriflesing: Jakobus 1:12-27
Tema: So maak mens … as jou lewe geskud word.

Gespreksvrae:

1. Hoe word jou lewe geskud en hoe maak mens as jou lewe geskud word?

2. In Efes 1:8 skryf Paulus ons is uit genade gered. Dan voeg hy by: "Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie." Jakobus weer lê baie klem op die werke; op dit wat ons moet doen. Hoe moet ons dit verstaan? Watter rol speel "werke" in ons geloofslewe?

3. Hoe kan ons die drie-punt resep van vers 19 prakties uitleef: (Hoe kan dit regtig 'n verskil maak?)
   - "Maar te gewillig wees om te luister"
   - "nie te gou praat nie"
   - "nie te gou kwaad word nie"

4. Wat wil Paulus vir ons sê met die beeld van die spieël in Jak 1:22-24?

5. Hoe "doen ons die woord" volgens Jak 1:25?

6. Ons sou Jak1:26-27 'n "definisie" van godsdiens kon noem. Bespreek wat Paulus hier vir ons leer oor wat godsdiens regtig is.

GOD ONTMOET DIE WÊRELD DEUR ONS
Uitsending na die plek waartoe God jou roep
Wat vat jy saam uit hierdie skrifgedeelte en die bespreking daarvan?